

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

Jesus is ook in die middel

“Stuck in the middle with you.” Onthou jy nog hierdie trefferliedjie uit 1973? Om “stuck” in die middel te wees, is glad nie lekker nie. Dit verander jou blykbaar in ’n draadsitter, soos wat party mense sou sê. Tog kort ons elkeen ’n stukkie veilige middelgrond, want die wêreld van ons dag is net te gepolariseerd. Die politiek, sport, onderwys en die kerk is gedurig in twee kampe verdeel. Dit voel of al die middelgrond weg is. Vir of teen is die enigste twee opsies, wat vir ons oorgebly het. Waag jy dit om jouself nie te skaar by een of die ander kant van die draad nie, word jy summier afgeskryf.

Hoor hier, daar is steeds ’n goeie middelgrond te vind by Jesus. Hyself het tegelykertyd gemaklik tussen vriende en vyande rondbeweeg, sonder om ooit enige kompromieë aan te gaan. Sondaars het by Jesus tuis gevoel, maar Hy het ook godsdienstige opponente naby aan Hom toegelaat. Beide groepe het by Hom gehoor dat hulle hulle moet bekeer. Hulle het gehoor Jesus het ’n nuwe spasie geskep, genaamd die koninkryk van God. Hier is dit regtig veilig, tot vandag toe nog. Hier gee Jesus vir elkeen, wat Hom van harte navolg, ’n nuwe identiteit. Hier leer Jesus al Sy volgelinge om God van harte lief te hê en om alle mense te respekteer, al is ons nie deel van hulle kampe of kampgevegte nie. Ons is nooit “stuck” of vasgevang in die middel, wanneer dit gaan oor Jesus nie.

Geskryf deur Stephan Joubert

Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Jaco Steenkamp
Johnny Viviers
Annie Brink
Annika Kilian
Leonie Kruger
Jillian Jansen
Annetjie Pienaar
Jaap Naudé
Tannie Bets Coetzee
Willie Viljoen

Jurie Matthee
Marinda Jordaan
Tannie Rina vd Vyver
Rudi Kruger
Adolf Wolmarans
Adri Botha
Ivan Garacki
Alet Heads
Marthie Jooste
Allison Vorster
Thelma Prinsloo

Ons innig meegevoel aan Maud Kleinhans, kinders en kleinkinders met die afsterwe van haar eggenoot, Marin.



Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN



Gedagte vir die week

Om by die Here te skuil, is beter as om op mense te vertrou.



Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer...

ABSA Sasolburg; Tjek Rekening
Rekno.: 0520580654
Takkode: 632005